

Leesspoedteks vir leerder

Graad 2

Seemeeue

Seemeeue is grys en wit voëls wat dikwels langs die kus bly. Daar is 50 verskillende soorte meeue. Party seemeeue bly naby mere en riviere. Die meeste seemeeue kan tussen 10 tot 15 jaar oud word. Seemeeue eet vis, insekte en erdwurms. Hulle eet plante ook. Hulle kan vars- en seewater drink!

Seemeeue is baie slim. Hulle steel kos by ander diere. Wanneer hulle 'n skulpvis soos 'n krap vang, vlieg hulle hoog in die lug op daarmee en laat die krap dan val om die dop te kraak. Dan eet hulle die krap.

Die meeste seemeeue bly op een plek in die somer en 'n ander plek in die winter. Hulle vlieg na warm plekke in die winter.

Tydens koue weer, staan hulle op een been. Hulle trek die ander been in onder hulle vere om dit warm te hou. Daarna ruil hulle bene om en staan dan weer op die ander been.

Seemeeue het net een maat hulle lewe lank. Hulle bou neste deur 'n sagte plek in die sand uit te hol. Hulle maak graag nes naby gras, rotse of boomstompe vir beskerming.

Hulle lê gewoonlik drie eiers. Beide die ma en pa neem beurte om die eiers op te pas. Sodra die kuikens uitbroei, bly die ma by die kuikens en die pa sorg vir die meeste van die kos om hulle te voer.

Seemeeue bly saam met ander meeue. Daar is dikwels honderde of duisende meeue wat in dieselfde omgewing bly.

Kontroleteks

Graad 2

Seemeeue

Seemeeue is grys en wit voëls wat dikwels langs die kus bly. Daar is 50 verskillende soorte meeue. Party seemeeue bly naby mere en riviere. Die meeste seemeeue kan tussen 10 tot 15 jaar oud word. Seemeeue eet vis, insekte en erdwurms. Hulle eet plante ook. Hulle kan vars- en seewater drink! - **53**

Seemeeue is baie slim. Hulle steel kos by ander diere. Wanneer hulle 'n skulpvis soos 'n krap vang, vlieg hulle hoog in die lug op daarmee en laat die krap dan val om die dop te kraak. Dan eet hulle die krap. - **96**

Die meeste seemeeue bly op een plek in die somer en 'n ander plek in die winter. Hulle vlieg na warm plekke in die winter.

Tydens koue weer, staan hulle op een been. Hulle trek die ander been in onder hulle vere om dit warm te hou. Daarna ruil hulle bene om en staan dan weer op die ander been. - **158**

Seemeeue het net een maat hulle lewe lank. Hulle bou neste deur 'n sagte plek in die sand uit te hol. Hulle maak graag nes naby gras, rotse of boomstompe vir beskerming. - **192**

Hulle lê gewoonlik drie eiers. Beide die ma en pa neem beurte om die eiers op te pas. Sodra die kuikens uitbroei, bly die ma by die kuikens en die pa sorg vir die meeste van die kos om hulle te voer. - **236**

Seemeeue bly saam met ander meeue. Daar is dikwels honderde of duisende meeue wat in dieselfde omgewing bly. - **256**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.